

Hoofstuk van die dag: Job 38-39

> *Toe het die Here vir Job aangespreek uit ’n stormwind uit … (38:1)*

Uiteindelik verbreek God die stilte. Hy doen dit in twee groot diskoerse (Job 38 – 39, en 40 – 41). Hy reageer nie op Job se

aantygings nie, maar Hy bevind Job ook nie skuldig (soos die vriende gemeen het Hy sal doen) nie. Hy praat oor die skepping en stel ’n reeks vrae aan Job wat Hy weet Job onmoontlik kan antwoord. Daarmee onderstreep Hy die feit dat Job geensins insig in God se verborge raad het nie. Só sit Hy Job op sy plek. Kyk bv na God se spottende opmerking in 38:21: “Jy moet dit weet, jy wat maak of jy toe al gebore was, of jy ’n lang lewe agter die rug het.” Job verstaan nie die binnewerke van die skepping nie (38:4-38). Job is ook nie die een wat die wilde diere versorg nie (39:1-33). Die wêreld kom heel goed klaar sonder die mens se toedoen!
Hierop bly Job liewer stil (38:37-38). Hy het nog baklei in hom, maar besef hy is nie opgewasse vir ’n geveg teen God nie. Daarom lê hy hom neer voor God se alwysheid. Eers later (42:3) sal hy sy eie dwaasheid bely.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026